



Ons Haantjie

Nr 132

Nov 2017

Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familielond

Wingerd 205
Theewaterskloof Landgoed
Villiersdorp

Posbus 121
Villiersdorp
6848

Tel: 028 840 0113 www.henning.org E-pos: olie4@henning.org
Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November



Aletta Petronella (Ronél) Henning
die eienaar van die *Ladybird International Art Academy* te
Ladybrand

"Ladybird" Ronél Henning

b7.c8.d8.e1.f2.g1. Aletta Petronella Henning *16-12-1959, of Ronél Henning soos sy bekend is, het op Aliwal-Noord grootgeword as die oudste dogter van Olivier (Boet) Henning en sy vrou Letitia van die plaas Oosterlig. Vyf geslagte van haar voorsate het ook van 1841 af in die Aliwal-Noord distrik gewoon – lank voordat die dorp geproklameer is.

Van jongs af het sy ‘n groot liefde vir musiek gehad en dit volg dus outomatis dat sy na matriek in musiek sou gaan studeer. Kort voor lank eindig sy op by die baie bekende Drakensbergseunskoor as begeleier. Hier werk sy vir twaalf jaar lank saam met Bunny Ashley-Botha, wat die dirigent en musiekdirekteur van dié bekende koor was.

Toé Ronél en die Drakensbergseunskoor se paaie skei, besluit sy dat sy graag ‘n musiekskool wou begin. Omdat sy ‘n plaaskind

was, met ‘n groot liefde vir die platteland, wou sy nie graag in een van die stede woon nie. Sy het besef dat die ligging van so ‘n skool baie belangrik sou wees om ‘n volhoubare besigheid te vestig. Sy het verskeie plattelandse dorpe oorweeg en toe uiteindelik op Ladybrand besluit. Ladybrand se ligging as grensdorp, met Lesotho se invloed van diplomatieke personeel en vele nasionaliteite, was deurslaggewend.

Draai links kort anderkant Ladybrand se klompie winkels in die rigting van die rant met die sandsteenrotse. Ry ‘n paar slaggate mis en kort voor lank sien jy op die

regterkant “Ladybird International Art Academy” se bordjie met daar neffens die eertydse vrymesselaarslosie, wat Ronél in 2003 gekoop en tot ‘n knus klein teater omgetower het. Pragtig, in sandsteen se kleikleur met sage grysblou afwerkings.

“Ladybird” oftewel liewenheersbesie is ‘n internasional gewilde simbool van skoonheid en plesier. Ronél sê dat “ladies” altyd deel van haar lewe was. In die veertien jaar van Ladybird Akademie se bestaan het hier al begaafdes uit 27 kulture: Pakistani’s, Fillipyne, Rwandese, Ugandese, Amerikaners, Britte, Russe, Hongare en vele meer opleiding ontvang.



Michael Apanius besig met die afrigting van een van die enssembles



‘n Groep studente besig om te oefen vir ‘n Kersfees konsert

Sommige was dokters, diplomate, sendelinge, humanitêre hulpverleners.

Ronél vertel met ‘n glimlag van Lieve, verpleeg-suster en altvioolspeler uit België wat graag onderrig vir strykers wou gee en as die hoof van strykers by Ladybird aangesluit het. Haar man, dr Bart, ‘n ginekoloog in Lesotho, wat ook tjello speel, het in die ensemble saamgespeel.

Mense daag net by Ladybird op en wil betrokke raak. Op ‘n dag E-Pos ‘n man haar uit Dakar, Senegal: “My vrou het ‘n pos in Lesotho aanvaar. Ek speel altviool. Kan ek by jou Akademie kom klasgee?” Nou rig hy ons enssembles en junior strykers af. Die huidige

viol- en blokfluit onderwyser, Ilona Knot is ‘n Nederlandse verpleeg-suster wat hier in Afrika as sendeling-se-vrou by Ladybird kom inval het.



Ronél op die klavier, besig om saam met 'n paar studente musiek te maak

Die plaaslike apteker – die kinders noem hom mnr Ribbert – doen die inleidende program met die kleintjies, die Little Ladybugs. Hy werk net drie dae in die apieke. Hy het 'n Lisensiaat in Drama en Fluit en het pas sy Graad-8 sangeksamen geslaag en is 'n skitterende onderwyser. Dis lekker vir die kinders om te sien dis nie net ou tannies en vrouens wat musiek gee nie.

Ladybird Akademie is nie slegs opleidingsplek vir klasiekemusiekstudente nie. Dit word ook die lanseerplek vir rockmusiek. In 2013 bel Ronél Vrystaatse Universiteit toe, op soek na 'n kitaaronderwyser. Hulle beveel Jerome Vermaak aan. "Hy is lieflik! 'n Rocker met 'n look", lag sy. Dus doen hulle nou nie net klassieke kitaar nie, hulle rock dat die sandsteenkransse antwoord gee.

Afgestudeerde studente kom werk dikwels 'n ruk by Ronél, voor hulle verder die wêreld invaar en hulle merk maak – soos Werner Stander, wat nou sy Doktorsgraad in Birmingham doen, of Leslie Jennings, bestuurder van die Vrystaatse Jeugorkes.

Visuele Kuns en Spraak en Drama bly ook nie agter nie. Die jong dramaturg, Lize Bosman, die blonde juffrou wat *Dinosourus Stories* skryf, ry een keer 'n week met haar worshond uit Bloemfontein Ladybrand toe.

Kunsjuffrou Belinda Pike teken en verf met haar studente in die ruim ateljee agter in die tuin, waar die goue Vrystaatse lig deur groot



Kunsstudente besig om 'n muur te beskilder

glasvensters stroom. In die binnehof van die Akademie is lieflike mosaïke – die kunsstudente se werk! Hulle eerste kunsonderwyser was die internasionaal bekende

pottebakker, Philippa Du Toit en later die kunstenaar en digter, Thandi Sliepen uit Nederland.

Ronél meen teorie en struktuur is nie noodwendig nodig om musiekkenis oor te dra nie. “*Dit kan soms gevoel en kreatiewe vryheid aan bande lê. Kinders word so orbestuur in skole, so gedruk om te presteer. By Ladybird kies ons om nie op kompetisie te fokus nie, maar op genot*”. Tog boet hulle geensins standarde in nie. Daarvan getuig die goeie verslae van hulle eksterne eksaminators.



Blowing Blue met Joane Beukes, tydens een van die Woensdagmiddag konserте



Kersfees konsert met drie narinne

Onthou jy die stuk in Jesaja wat praat van die kinderlose wat baie kinders gaan hê? So is dit hier. Die studente word soos kinders in my huis. Dis vir hulle lekker hier. In die somer sit ons in die tuin en in die winter voor die kaggel. Soms kuier hulle so dat ek hulle by die deur moet uitvee.

My ma, Letitia doen ons boeke en gesels by die Ontvangs met die ma's wat vir hulle kinders wag. Die studente lief haar. Hulle noem haar, 'Ôma' ”

Elke


Woensdagmiddag tussen 17:00 uur en 17:30 hou die leerders konserf in die teater. Die dorp kan kom luister. Dit maak die kinders “verhoogtuis”, en die dorpsnaars meer kunsbewus.

Binnekort wil Ronél die kurrikulum ook met dans aanvul.

Waarskynlik Latino, met ‘n bietjie African Contemporary by. “Lekker! Iets nuuts!” Tans het Ladybird Akademie nege personeellede.


Ronél speel sedert 2005 orrel in Ladybrand se NG gemeente. Sy glimlag en sê: “Die Here het vir my ‘n droom gegee en hy maak die droom vir my waar. My skooljare droom om die Drakies te begelei, maar ook my ander drome. Dit word op sy manier waar.

Dr Koos Henning MeesterskampioenGewigopteller



Jacobus Adriaan Gerhardus (Koos) Henning in sy jong dae toe hy alle kompetisies in gewigoptel in Suid-Afrika verower het

Ons het in Haantjie 124 van November 2015 berig oor b6.c4.d1.e5.f5.g6.h3. Dr Jacobus Adriaan Gerhardus (Koos) Henning *13 Mei 1957 van Modimole/Nylstroom se gewigoptelprestasies. Weens sy ouderdom kompeteer Koos deesdae in die meesterklas kampioenskappe. Koos word gereken as een van die beste gewigoptellers – indien nie die heel beste – wat Suid-Afrika al opgelewer het.



Gedurende Augustus 2017 het Koos weer deelgeneem aan die Internasionale Meestersgewigoptel-kampioenskappe wat in Swede gehou is. Soos gewoonlik het die Oosblolk lande weer die kompetisie, wat baie straf was, oorheers. Koos het hierdie jaar die vierde plek in sy gewiklas verower teen opponente waarvan die meeste verdink word dat hulle steroïdes gebruik. Die kompetisie was baie straf en daar was min verskil tussen die top deelnemers. Koos voel onder die omstandighede heeltemal tevreden met sy vierde plek.

Volgende jaar is die wêreldkampioenskappe in Barcelona, Spanje en as hy goeie gesondheid behou, sal hy hard werk om met 'n medalje vir Suid - Afrika, maar meer belangrik vir die Henning familie, huis toe te bring.

Dr Koos Henning, soos hy vandag lyk

Vierdaagse Mars, Nijmegen en die Hennings

Ons het oor die jare verskeie kere berig oor emeritus Dominee Bjarne Fowels (77) van Hjelmeland, Noorweë wat elke jaar, aan die beroemde Vierdaagse Mars in Nijmegen, Nederland gaan deelneem. Aanvanklik het Bjarne alleen deelgeneem. Later het sy seun, Brynjar bygekom en in 2016 het selfs sy kleinseun, Håkon saamgestap.

Hoewel Bjarne in alle opsigte 'n Noorweegse burger is, beskou hy Suid-Afrika as sy tweede vaderland. Sy oumagrootjie was 'n nooi Henning (b7.c8.d1. Martha Johanna Elizabeth Henning *26-8-1857, getroud Zurich). Sy ouma ('n dogter van Martha) was eers met 'n Fowels getroud en hulle het te Oos-Londen gewoon. Daarna is sy met Michael Olaus Landmark, 'n Noorweegse skeepskaptein getroud. Sy het met haar twee kinders uit haar eerste huwelik, haar nuwe man vergesel toe hy na Noorweë teruggekeer het. Bjarne is baie trots op sy Henning - en Suid-Afrikaanse afkoms.



Ds Bjarne Fowels (heel regs voor) stap al singende gedurende 2010 saam met die Noorweegse peleton deur die strate van Nijmegen



Die Gladiola (Swaardlelie) blomme waarmee die deelnemers oorlooi word teen die einde van die mars, kan duidelik in die rugpakke van die deelnemers gesien word

Na sy theologiese opleiding het hy vir baie jare as kapelaan van die Noorse Seemanskerk in Rotterdam, London en Durban gedien. Hy was ook een van die Verenigde Nasies Vredesmonitors met die onafhanklikwording van Namibië en militêre kapelaan by verskeie militêre eenhede in Noorweë en Noorweegse militêre kontingente in die buiteland. Hy beskou sy tyd in Durban as die hoogtepunt van sy lewe, want hy en sy vrou is gedurende hierdie tyd getroud en sy kinders is ook in Durban gebore.

Nijmegen in Nederland hou elke jaar 'n

Internasionale afstandsmars oor vier dae waaraan deelnemers van oor die hele wêreld deelneem. Hierdie jaar is die mars die 101ste keer gehou. Elke dag moet 'n afstand van ongeveer 30, 40 (militêre afstand) of 50 kilometers afgelê word — dus 'n totaal van 126, 161 of 199 kilometers vir die vier dae. Tussen 48 000 en 50 000 deelnemers (mans en vrouens, burgerlik en militêr) van meer as 60 lande neem gewoonlik deel, wat dit die grootste gebeurtenis van sy soort in die wêreld maak.

Stappers kom uit alle lae van die bevolking en word aangedryf deur die begeerte om te presteer, mense te ontmoet en in 'n gees van vriendskap en vrolijkheid, mars-musiek, veel-kleurige vlae, feestelike atmosfeer deel te neem. Stappers word gedra deur die eindeloze applous, gasvryheid en entoesiasme van Nijmegen se mense wat in hul honderduisende langs die strate staan. Lewenslange vriendskappe word gesmee.



Hier kan duidelik gesien word waar Ds Bjarne se lojaliteit lê. Agter op sy rugtas is 'n Noorweegse- en Suid-Afrikaanse vlag en 'n Henning wimpel is onderaan die rugtas vasgemaak

Militêre deelnemers moet 'n rugsak wat 10 kg weeg, asook hul eie water saamdra. Hulle kan individueel of as peloton deelneem. Burgerlike deelnemers hoef nie iets saam te dra nie. Weens die hitte wat gedurende Julie 2017 ondervind is, moes talle deelnemers mediese behandeling ondergaan. Aan die einde van die vierde dag marsjeer die deelnemers, soos die Romeine van ouds deur die Triomfboog. Daar word hulle met gladiola (swaardlelie) blomme op die Via Gladiola oorlaai — tradisioneel die simbool van krag en oorwinning wat teruggaan na die Romeinse tyd toe gladiators tot die vermaak van duisende toeskouers met swaarde teen mekaar geveg het.

Weens Ds Bjarne se ouderdom – hy is darem al 77jaar oud – het hy hierdie jaar as 'n burgerlike en nie meer as soldaat deelgeneem nie, maar hy het besluit om wel sy eie rugtas saam te dra. Kyk gerus na die foto hiernaas van hom met sy rugtas, wat trots die Noorweegse vlag, 'n Suid-Afrikaanse vlag en 'n Henning wimpel vertoon. Dit bewys mos vir ons hoe 'n trotse Henning afstammeling hy is! Die twee foto's op die vorige bladsy is geneem met die 2010 mars, toe Bjarne nog as soldaat deelgeneem het.

Bjarne noem dat die Nijmegen mars die vierde internasionale marathon was waaraan hy hierdie jaar deelgeneem het — na Diekirch in Luxemburg, Viborg in Denemarke en Castlebar in Ierland. Die

volgende een sal binnekort te Lituanië wees. Volgende jaar, 2018, sal hy die Nijmegen tienjaar medalje verower – ook genoem die Goue Veteraan Medalje.

Monster Storm in VSA tref ook die Henning's

b1.c6.d3.e11.f3.g1. Cornelius Belthaser (Neels) Henning *9-4-1944 en sy vrou, Bernice is lede van die Henning Familiebond. Hulle woon in Tampa, Florida, in die VSA. Ons het gedurende die eerste week van September 2017 dikwels oor alle nuusbulletins oor die radio en TV verneem van die monster tornadostorm Irma wat reguit op Florida en spesifiek Tampa, waar hulle woon, afstorm — na bewering die ergste storm in menseheugenis.



eiendom in Tampa tydens die storm gebeur het.

Na die storm verby getrek en uiteindelik bedaar het, kon hulle nie dadelik terugkeer huistoe nie, omdat al die vulstasies langs die pad uit voorraad geraak het, toe ses miljoen mense skielik almal brandstof moes inneem.

Neels het later laat weet dat hulle terug is by die huis. Hulle was aangenaam verras dat hulle krag nog aan was en dat daar nie ernstige skade was nie. 'n Boom op die een buurman se erf het omgewaai en in hulle erf gevallen en een dun tak het op hulle dak beland, maar geen skade aangerig nie.

Daar was net baie blare en takke wat van bome afgewaai het, oral in die tuin. Hulle moes dit opruim en op die sypaadjie gooi, waar die stadsraad dit gratis sou opruim.

So, alles het goed afgeloop en hulle het die paar dae by Reyco-hulle in North Carolina geniet. Dit kon veel erger gewees het, so hulle het baie om voor dankbaar te wees.

Sterftes

b9.c1.d2.e1.f5.g3. Pieter Hendrik Henning * 13-11-1932 sterf op 17 April 2017 in die ouderdom van 84 jaar en vyf maande. Pieter is in Alberton gebore waar hy grootgeword en skool gegaan het. As jong man het hy sy vakleerlingskap in Boksburg deurloop waar hy al die jare as dieselwerktuigmonge was. Op 15 Maart 1953 trou hy met Johanna Francina Steyn. Na 'n mooi huwelik van 32 jaar was Pieter in 1985 in 'n ernstige motorongeluk betrokke waarin beide sy vrou en kleinseun Pieter

Neels het laat weet dat hulle, saam met meer as ses miljoen mense voor die storm uit Florida moes vlug. Hulle het by hulle seun, Reyco en sy gesin in Noord-Carolina gaan skuil. Hulle was natuurlik baie bekommern oor wat met hulle huis en ander



b9.c1.d2.e1.f5.g3. Pieter
Hendrik Henning * 13-11-1932
sterf op 17 April 2017



Magdalena Jacomina Maria
(Lena) Henning (gebore
Havenga) vrou van wyle
b9.c3.d3.e3.f2.g9. Andries
Gerhardus Henning *28-8-1933
is oorlede op 25 Junie 2017

gesterf het. Hyself was ernstig beseer en is met `n gebreekte heup in die hospitaal opgeneem. Hier is `n heupvervanging op hom uitgevoer maar vanweë nalatigheid is die operasie op sy verkeerde heup gedoen. Die gevolg hiervan was dat Pieter vir die res van sy lewe met krukke oor die weg moes kom en het hy gedurig in pyn verkeer het.

Pieter is weer `n kans op `n mooi huwelik gegun toe hy op 26 April 1986 met `n weduwee Magdalena Susanna(Lenie) Botha in die huwelik getree het. Hy het hom by Lenie in Hercules, Pretoria, waar sy gewoon het, gevestig. Die laaste paar jaar was hulle in Eden Akasie Aftree-oord in Theresapark woonagtig. Hulle was ten tye van Pieter se afsterwe 31 jaar getroud. Pieter se familie en ook sy stiefkinders was baie geheg aan hom. Hulle was met opregte dankbaarheid vervul vir die mooi jare wat hulle saam met hom gegun was.

Ons het in die vorige nuusbrief berig oor die 95ste verjaardag van tannie Piemp Henning (Maria Petronella Henning (gebore Alers) *25-5-1922 en het foto's geplaas van haarself en al haar susters en niggies wat haar op haar verjaardag op 22 Mei 2017 in die ouetehuis in Fochville gaan verras het. Binne drie maande daarna het drie lede van hierdie familie, insluitende tannie Piemp self, gesterf.

Tannie Piemp se skoonsuster, Magdalena Jacomina Maria (Lena) Henning (gebore Havenga) vrou van wyle b9.c3.d3.e3.f2.g9. Andries Gerhardus Henning *28-8-1933 is oorlede op 25 Junie 2017 in die Clinton Intensiewesorgeenheid, Alberton.

Lena is gebore te Bronkhorstspruit. Sy en haar man, Andries (sy bynaam was Ysterman, omdat hy so sterk was) het sewe dogters gehad. Hulle het as familie in Alberton gewoon. Lena het nooit buite haar huis gewerk nie - sy was huisvrou en ma vir sewe dogters. Haar stokperdijes was brei en naaldwerk. Andries en Lena het in die jaar 2000 vir die eerste keer in hul lewe oorsee gegaan, toe hulle vir hul dogter, Hanneljie in Australia gaan kuier het. Hulle het dit baie geniet. Na Andries se dood



**Maria Petronella (tannie Piemp)
Henning (gebore Alers) *25-5-1922,
vrou van wyle
b9.c3.d3.e3.f2.g5. Hendrik
Jacobus Henning *3-11-1924
sterf op 23 Augustus 2017 in
die ouerdom van 95 jaar**

het Lena weer in 2004 vir die laaste keer vir Hannetjie gaan kuier. Gelukkig kon Hannetjie dit maak om by haar sterfbed te wees.

Lena se jongste dogter, Magda vertel dat sy kan onthou hoeveel hulle in die voertuig gesing het as hulle plaas toe, in die Cullinandistrik, gery het. Oujaar het al die familie bymekaar gekom en dan het hulle self musiek gemaak. Pa Andries op die kitaar, ma Lena of syself op die orrel. Hy was haar "maatjie" en sy was sy "poppy". Dit was hul noemname vir mekaar.

Lena (hierbo) se skoonseun, Johan Coetzee, man van Lena se oudste dogter, wyle b9.c3.d3.e3.f2.g9.h1. Elizabeth Maria Coetzee (gebore Henning) sterf op 17 Julie 2017 te Alberton.

Hy was 'n elektriese ingenieur te Alberton. Hy het sy vrou, Elizabeth Maria, een-en-twintig jaar gelede in 'n motorongeluk verloor. Daarna doen hy TB op, maar oorleef. Tien jaar terug was hy weer in 'n ernstige motorongeluk en beland vir ses weke in die hospitaal, maar oorleef weer.

**Maria Petronella (tannie Piemp)
Henning (gebore Alers) *25-5-1922, vrou van
wyle b9.c3.d3.e3.f2.g5. Hendrik Jacobus
Henning *3-11-1924 sterf op 23 Augustus 2017
in die ouetehuis te Fochville in die ouerdom
van 95 jaar en drie maande.**

Tannie Piemp en haar man het sewe kinders- drie seuns en vier dogters gehad. Sy is op Saterdag 2 September 2017 op hul familieplaas, Hardekoolbult in die Notham distrik begrawe.

Ons het ook verneem van die afsterwe van **b5.c4.d4.e2.f4.g3. Janetta Gesina Johanna Richards (gebore Henning) *Ohrigstad 16-9-1930**, eggenote van Petrus Hendrik du Bruyn Richards op 17 Augustus 2017. Ongelukkig kon ons nog nie meer inligting oor haar dood of 'n foto bekom nie. Ons weet slegs dat sy en haar man op 20 November 1948 te Nelspruit getroud is en vier kinders – drie seuns en een dogter – gehad het

Huwelike



Troufoto van Charles Meyers Henning en Chantelle Griffiths op 6-5-2017. Agterste ry: Marie Henning (gebore Lubbe), ma van die bruidgom, Willem Jacobus Henning, broer van die bruidgom; Owen Samuel Ackermann, swaer van die bruidgom. Middel: Leamarie Ackermann (gebore Henning) suster; die bruidgom, Charles Meyers Henning en sy pa, Willem Jacobus Henning. Voor die bruid, Chantelle Henning (gebore Griffiths)

b7.c5.d1.e4.f4.g1.h1. Charles Meyers Henning *8-3-1981 is op 6 Mei 2017 met Chantelle Griffiths van Porterville getroud. Charles is die seun van Willem Jacobus Henning *19-9-1952 en Maria Magdelena (gebore Lubbe). Charles werk in Stellenbosch op 'n perdeplaas, terwyl Chantelle vir die Departement Korrektiewe Dienste te Porterville werk. Hulle beplan om in Porterville te gaan woon. Charles se ouers is pensioenarisse en woon op 'n plaas in Glentana.

Elandskraal nou in 'n Natuurreservaat

In 2003 was daar voorstelle om twee nasionale parke, die Bergkwagga Nasionale Park buite Cradock en die Kamdebo Nasionale Park buite Graaff-Reinet, te verbind in 'n groot korridor wat oor die Sneeuberg bergreeks in die noorde tot by Pearson in die suide sou strek. Eers in 2012 is fondse verkry en is die "Wilderness Foundation" as 'n vennoot aangestel om saam met SAN Parke die eerste fase van die projek te implimenteer.

Die plaas Elandskraal, waar ons Henning stamvader, Pieter Hendrik Henning aan die einde van 1786 begin boer het en waar sy nasate tot vroeg in die 1940's geboer het, lê binne hierdie gebied.

So 'n groot natuurreservaat hou baie voordele in vir plaaseienaars wie se plase daarin val. Nie net word plante en wilde diere daarbinne beskerm nie maar ook die wateropvanggebiede en bied dit ook beskerming teen die dreigende ontginning van skaliegas en gepaardgaande mynbedrywighede. Laasgenoemde het heelwaarskynlik geleid tot die onverwagte sukses met die eerste fase waar 25 000 hektaar grond beskermde status verkry het. Teen Februarie 2014 het 'n totaal van 66 boere wie saam 269 000 hektaar besit reeds aansoek gedoen.

Daar is drie vlakke van deelname. Die eerste is waar boere toegang verkry tot inligting oor die beste praktyk oor grondbestuur. Die tweede is beskermde omgewingstatus wat beteken dat boere met hulle boerdery kan voortgaan soos voorheen, maar hulle daar toe verbind om die gebruik van die veld te verminder. Die derde is om dit as 'n gekontrakteerde Nasionale park te bedryf waarby ten minste drie grondeienaars hulle moet verbind.

Hopelik sal hierdie verwikkeling aan Hennings, wat nog nie die voorreg gehad het om Elandskraal te besoek nie, nou die geleentheid gee om in hul stamvader se voetspore te gaan loop en ook daardie deel van ons mooi land te sien. Veral na vroeë somerreën is dit 'n lushof met wild in die groen hoogtes en verskillende voëlsoorte wat fladder oor die veld.

Henning byeenkoms Wildernis Mei 2017

Bydrae deur b6.c1.d3.e5.f3.g4.h6. Pieter Hendrik (Piet) Henning van Strand



Die neefs en niggies – almal kleinkinders van b6.c1.d3.e5.f3. Pieter Hendrik Henning *20-9-1886 - wat die reunie by Wildernis bygewoon het. Van links na regs: Piet Henning (seun van Hendrik); Hannetjie Janse van Rensburg (dogter van Willem, meer bekend as Booyse); Gesina Spangenberg (dogter van Hendrik); Marita van Dijk (dogter van Paul); Mieke Henning (dogter van Hendrik); Inset: Paula van den Heever (dogter van Paul); Pieter Henning (seun van Pieter); Isabel Botha (dogter van Jopie); Helena Thirion (dogter van Nelie); Maarten Henning (seun van Maarten); Marina Botha (dogter van Maarten); Cecil Henning (seun van Pieter). Daar is ook 'n foto geneem waar al die eggenotes en kinders by is, wat ongelukkig weens 'n gebrek aan spasie, nie geplaas kan word nie

Twee niggies wat beide nasate is van die Hennings wat Argentinië toe getrek het, Hannetjie Janse van Rensburg (dogter van Willem Henning) en Gesina Spangenberg (dogter van Hendrik Henning), het in 2015 by mekaar gekuier in Swakopmund, waar Gesina en Thys woon en besef toe dis tragies dat die neefs en niggies mekaar so min sien. Hulle besluit toe om 'n byeenkoms te reël vir die kleinkinders van Pieter Hendrik Henning (b6.c1.d3.e5.f3). Dis die Pieter H Henning wat Argentinië toe was as jong seun en die skrywer van die boek: 'n Boer in Argentinië. Die byeenkoms word toe gereël vir einde April 2017 by Marita en Gerrit

van Dijk (dogter van Paul Henning) se huis in Wildernis. Marita word toe ook een van die organiseerders. Van ons het by Marita gebly en die res het by Eb en Flow in Chalets oornag of gekampeer.

Die eerste ontmoetings was 'n groot affère soos die emosies van blydskap, die lang gemis, eerste ontmoetings, ensovoorts plaasvind. Dit was verbasend hoe mense wat mekaar nie goed ken nie, so vinnig so lekker kon gesels. Die gemeenskaplike faktor was ons ouers wat 'n interessante geskiedenis het, omdat hulle immigrante was, maar tog Afrikaans. Die meeste van hulle kon die tango dans en het 'n hele paar Argentynse gewoontes gehou. Hulle was 'n interessante lot met stories wat maar vertel kan word.



Oral het groepies gesit en kuier. Hier is hulle besig met 'n Argentynse Asaso skaapbraai

binne of buite, waar ook al, het groepies gesels en vertel. Die grappies en verhale was volop. Van die spul Hennings wat daar was, is bobaas vertellers en sou dinge vir hulle skeef loop, kan hulle onmiddelik komediante word of boeke skryf.

Uit my oogpunt was dit baie spesiaal, want ek reis nie genoeg deur ons land om al my niggies en neefs op te soek nie. Die lewe is maar besig met werk en ander dinge en as jy weer sien, is 'n jaar verby sonder om die familie op te soek. Ons kon die naweek lekker kuier. Ander neefs en niggies wat ek nie regtig geken het nie, is nou sommer my pêlle. Ek glo ons almal het dit so ervaar.

Daar was ook van ons kinders en selfs kleinkinders. Nie almal kon daar wees nie. Ons gaan volgende keer probeer om nog meer van hulle daar te kry. Mens sal nooit iets kan reël wat almal pas nie. In dié groot familie ken ons mekaar nie goed genoeg nie en dit is die ideale plek om mekaar te leer ken en bevriend te raak. Ons beplan dit weer oor 2 jaar. Hierdie keer meer sentraal of selfs in Aliwal Noord of Burgersdorp, ons sal nog sien.

Die storie van ons oupa Pieter en ouma Malie wat 'n ryk boer in Argentinië was, het vir my uitgestaan. Twee plase met 40 000 wol skape. Hulle het alles daar gelos om in 1937 terug te kom Suid-Afrika toe, want hulle wou nie dat hulle nageslag Rooms Katolieke word nie, die vereiste om te kan skool gaan en studeer in Argentinië. In Suid-Afrika het hulle arm geword en hy moes selfs skoene maak om aan die lewe te bly. Ons wat die byeenkoms bygewoon het, kan dankbaar wees vir hulle opoffering want die Afrikaners wat vandag nog in Argentinië is, is meestal arm en voer 'n sukkel bestaan.

Die naweek was te kort en die neefs en niggies wat nie daar was nie word steeds gemis. Ons hoop julle maak dit volgende keer.

Geldsake

Die familiebond het oor baie jare oorleef op die donasies wat ons van meelewende Hennings ontvang het. Oor die afgelope twee jaar was daar egter 'n duidelike afname in die getal en grootte jaarlikse donasies wat ons ontvang en moet ons al begin delf in

Daar was heetlyd lekker kos. Hannetjie het gesorg dat die naweek se etery glad verloop, daar was selfs middag tee met koek. Ons het baie lekker gekuier, met die etes en om die vure, of dit nou gewone braai was of Asado (heel skaap op Argentynse manier gebraai),

ons reserwes, wat oor die afgelope drie-en-dertig jaar bymekaar gemaak is. Afgesien van die ses lede wat pligsetrou elke maand met 'n maandelikse debietorder bydra, het slegs drie ander lede oor die afgelope drie maande bydraes gelewer, nl.

- J G (Gerhard) Henning en sy vrou Dorethea van Mmabatho — R500.00
- Herbert en Margita Henning van München, Duitsland — R2 000.00. Hulle is jarelange vriende van die Henning Familiebond.
- Mev J J B (Johanna) Henning, weduwee van wyle S G (Fanie) Henning van Klerksdorp — R100.00

Die ses lede wat maandeliks bydra is:

- J A (Jan) Henning en sy vrou Cornelia van Montanapark
- J H (Jan) Henning en sy vrou Nicolina van Glenstantia
- P H (Piet) Henning en sy vrou Anna van Durbanville
- R T (Runa) van Staaten (gebore Henning) en haar man Sauer van Doringkloof, Centurion
- Past Antonie Henning en sy vrou Nellie van Wonderboom-Suid, Pretoria
- P J S (Pieter) Henning van Ramsgate

Ons doen dus maar weer 'n beroep op al ons lede om van tyd tot tyd 'n donasie aan die familiebond te stuur. U besluit self wat u kan bekostig. Of dit nou R30.00 of R1 000.00 is, alle donasies word ten seerste waardeer.

Die besonderhede van die familiebond se lopende bankrekening is as volg: FNB Villiersdorp (Tak 200 712), Rekeningnaam – Henning Familiebond, Rekeningnommer – 6265 7601 483. Gebruik u voorletters en van en as dit moontlik is u lidnommer as verwysing wie die deposito gemaak het.



Uitstalitem vir ons Museum

Joseph (Joe) Renney, seun van b6.c3.d3.e4.f5.g2. Catharina Maria Renney (gebore Henning) *14 Desember 1915 het onlangs 'n baie interessante trofee wat sy oupa, Petrus Andries Henning *27-12-1885 gedurende 1912 vir toutrek verower het, aan die Familiebond geskenk vir uitstalling in die Henning museum.

b6.c3.d3.e4.f5. Petrus Andries Henning was 'n polisieman en die trofee is geskenk deur die Caledonian Society of

Pretoria. Petrus Andries Henning se naam en die besonderhede van die toekenning is op die boom van die trofee geagrafeer.

Met die toekoms van ons museum in die weegskaal, sal ons eers seker maak waarheen ons met die museum gaan, voordat ons die trofee sal uitstal.